# Hoe om *aansoek* te doen

vir Nagraadse Programme op Stellenbosch- en Tygerbergkampus

Stellenbosch University Iyunivesithi Universiteit

**1 KIES 'N PROGRAM**

Lees 'Wat kan ek studeer?' op die webtuiste vir Voornemende Nagraadse Studente oor moontlike programkeuses, of blaai deur die Universiteitsjaarboek.

**2 VOLDOEN AAN DIE TOELATINGS- EN KEURINGSVEREISTES**

Maak seker dat jy aan die minimum vereistes vir die program(me) voldoen voor jy aansoek doen.

Toelatingsbeleid

Toelating- en keuringsvereistes

**3 DOEN AANLYN AANSOEK**

Skep 'n profiel, voltooi jou inligting, laai die vereiste dokumente op en dien jou aansoek in voor die sluitingsdatum.

Aansoekdokumente

**4 VOLG JOU AANSOEK-STATUS AANLYN**

Hou jou inboks dop of gebruik die Aansoekportaal om die vordering van jou aansoek te volg.

**5 AANVAAR ONS AANBOD EN LAAI JOU GETEKENDE KONTRAK OP**

As jy 'n aanbod ontvang, moet jy dit voor of op die sluitingsdatum wat in die aanbod aangedui is aanvaar.

**HULPBRONNE**

Hier is 'n lys van al die nuttige skakels wat jy in hierdie dokument sal vind.

KONTAK ONS

Vir hulp of addisionele inligting, kontak Kliëntediens by 021 808 9111, of e-pos info@sun.ac.za, of besoek www.sun.ac.za/pgstudies. Onthou om jou Aansoek-ID te gebruik wanneer jy ons kontak.

## Kies 'n *program*



### SOEK JY MEER INLIGTING OOR PROGRAMME WAT ONS AANBIED?

Lees 'Wat kan ek studeer?' op die webtuise vir Voornemende Nagraadse Studente oor moontlike programkeuses, of blaai deur die Universiteitsjaarboek.

### HULP MET JOU AANSOEK

Vir hulp of addisionele inligting, kontak Kliëntediens by 021 808 9111, of e-pos info@sun.ac.za, of besoek www.sun.ac.za/pgstudies. Onthou om jou Aansoek-ID te gebruik wanneer jy ons kontak.

Die Nagraadse Kantoor bied advies aan voornemende en ingeskrewe US-studente om nagraadse geleenthede te identifiseer by al die fakulteite waar hulle kwalifiseer om aansoek te doen. Kontak die Inskrywingsondersteuningsdienste by die Nagraadse Kantoor by postgraduate@sun.ac.za vir advies oor die beskikbare programme en navorsingspesialiteitsareas.

## Voldoen aan die toelatings- en *Keuringsvereistes*



Elke nagraadse program het spesifieke toelatingsvereistes. Voor jy aansoek doen moet jy seker maak dat jy aan die minimum vereistes vir die program(me) waarvoor jy aansoek doen, voldoen. Die vereistes word in elke fakulteit se afdeling van die Universiteitsjaarboek gepubliseer.

Ons plek is beperk, so, selfs as jy aan die minimum toelatingsvereistes voldoen waarborg dit nie dat jy tot die program toegelaat sal word nie. Sommige programme mag onderhewig wees aan addisionele keuringsprosesse.

### Nuttige *hulpbronne*

- UNIVERSITEITSJAARBOEK
- TOELATINGSBELEID
- WEBTUISTE VIR VOORNEMENDE NAGRAADSE STUDENTE
- TOELATINGSVEREISTES

TERUG NA BO

## Doen aanlyn *aansoek*



- Skep 'n aanlynprofiel sodat ons jou aansoek kan oorweeg. Aansoeke vir nagraadse programme is onderhewig aan fakulteit-spesifieke sluitingsdatums. Kyk hier daarna.
- Maak seker dat jy 'n e-posadres en 'n telefoonnommer het sodat ons jou kan kontak.
- Sodra jy jou profiel geskep het kan jy die stelsel se aanwysings en e-poskommunikasie volg.

### Maak seker van die sluitingsdatums

Maak seker dat jy jou aansoek voor die sluitingsdatum indien.

### Kies jou program(me)

- Vir 'n PhD-aansoek mag jy net een program kies.
- Vir ander nagraadse programme may jy 'n maksimum van twee programme van enige fakulteit kies.
- Jy sal vir al die programme waarvoor jy aansoek gedoen het oorweeg word, en indien jy kwalifiseer, kan jy meer as een aanbod ontvang. Jy moet ten minste een van daardie aanbiedinge voor die sluitingsdatum aanvaar, anders sal die aanbod verval.

**SAL EK MY INLIGTING VERLOOR AS DAAR 'N KRAG-ONDERBREKING IS TERWYL EK AANSOEK DOEN?**

Nee, jy kan weer by die laaste gedeelte wat jy voltooi het begin, maar hou die sluitingsdatums in gedagte.



### Laai jou aansoek-dokumente op

Ons kan jou aansoek slegs oorweeg as jy al die vereiste dokumente voor die sluitingsdatum ingedien het. Slegs aansoekers wat vir die eerste keer by Stellenbosch Universiteit aansoek doen moet hulle sertifikate en rekords oplaai. As jy 'n ingeskrewe student is, sal ons nie jou kwalifikasiedokumente vereis nie. Ons kan egter bykomende dokumente vir sekere programme benodig wat opgelaai moet word soos die aansoekstelsel daarvoor vra.

Hier is die lys van aansoekdokumente wat ons vereis. Maak seker dat jy al die vereiste dokumente skandeer en oplaai as aparte, individuele dokumente.

### *Wenk*

Maak seker dat jou elektroniese kopieë duidelik is en dat alles op die bladsy leesbaar is. Indien dit nie is nie, sal ons jou vra om dit weer op te laai, wat jou aansoek sal vertraag en kan veroorsaak dat jy die sluitingsdatum van die aansoeke mis. Ons verkies PDF-dokumente, maar jy kan ook doc-, docx-, jpg-, jpeg-, en png-lêers oplaai.

### Aansoekdokumente wat ons nodig het

- Al jou akademiese dokumente (finale graadsertifikate en akademiese rekords) wat tot jou hoogste kwalifikasie aanleiding gegee het sodat ons jou akademiese roete volledig kan verstaan.
- Klik asseblief HIER om ons sertifisering- en aanbiedingsvereistes te vind vir die dokumente wat jy oplaai.
- Amptelike uitslae. Ons aanvaar nie aanlynresultate wat by selfdiensportale verkry is nie.

**WAT AS MY AANSOEK EN ONDERSTEUNENDE DOKUMENTE NIE VOOR DIE SLUITINGSDATUM BY JULLE IS NIE?**

Ons kan geen aansoeke oorweeg wat ons na die sluitingsdatum ontvang het nie.

*Neem kennis: Huidige Universiteit Stellenbosch-studente wat in 2025 ingeskryf is, hoef nie akademiese rekords, graadsertifikate of bykomende dokumente deur die SUNStudent-aansoekportaal in te dien nie. Individuele departemente kan egter bykomende dokumente direk van die aansoeker aanvra as deel van die keuringsproses.*

### Dien jou aansoek in

Nadat jy jou aansoekvorm voltooi het en al jou ondersteunende dokumente opgelaai het, is jy gereed om jou aansoek in te dien!

Tydens die aansoekproses sal ons gereeld met jou kommunikeer om te bevestig dat ons jou aansoek ontvang het, en jou aansoek- en dokumentstatus opgedateer het. Jy kan jou aansoek ook op die Aansoekportaal dophou.

### Nuttige *hulpbronne*

- NAGRAADSE BEFONDSING EN ONDERSTEUNING
- AANSOEKE, BEPALINGS EN VOORWAARDES
- GEAKKREDITEERDE PRIVAATVERBLYF
- STUDENTEGELDE

**HOE VERANDER EK MY PROGRAMKEUSE NADAT EK MY AANSOEK INGEDIEN HET?**

Jy moet 'n e-pos aan ons Kliëntedienssentrum by info@sun.ac.za stuur. Maar onthou om die sluitingsdatums in gedagte te hou. Sodra die aansoeke gesluit het, sal die spesifieke fakulteit, op grond van die aantal plekke wat beskikbaar is, besluit of hulle jou versoek kan akkommodeer. Onthou asseblief om jou Aansoek-ID by alle navrae aan die Universiteit in te sluit.

TERUG NA BO



## Volg jou aansoekstatus *aanlyn*

Elke keer wat jou aansoekstatus opgedateer word sal ons 'n e-pos na jou stuur. Jy kan jou aansoekstatus ook aanlyn volg. Onthou ons kan jou aansoek slegs oorweeg nadat ons al jou inligting en aansoekdokumente ontvang en nagegaan het. As jou aansoek volledig is, sal die spesifieke department jou aansoek oorweeg.

Om jou aansoekstatus te volg en seker te maak daar is geen uitstaande inligting nie, teken aan op die Aansoekportaal deur jou gebruikersnaam (e-posadres) of Aansoek-ID en wagwoord te gebruik.

**LET WEL:**

Die onderskeie Fakulteitsraad en Senaat van die Universiteit moet doktorale aansoeke goedkeur. Hierdie proses is tydrowend aangesien dit 'n uitgebreide keuringsproses behels.

## *Aanvaar* ons aanbod en laai jou getekende kontrak op



### As jy meer as een aanbod ontvang

As jy vir meer as een program aansoek gedoen het mag jy dalk meer as een aanbod van ons ontvang. Jy kan egter net een aanbod op 'n slag aanvaar, welke aanbod dan aktief sal wees. Dit beteken dat, indien jy verkies om enige tweede aanbod te aanvaar, daardie aanbod die vorige aanbod sal vervang. Indien jy nie meer in ons aanbod belangstel nie, kan jy dit enige tyd van die hand wys.

### Voorwaardelike aanbod

As jy voorwaardelike uitslae verskaf het en nie die kwalifikasie ten tyde van jou aansoek voltooi het nie, mag ons jou aansoek goedkeur op voorwaarde dat jy jou kwalifikasie voltooi, en dat jou akademiese resultate aan die voorwaardes van die program waarvoor jy aansoek gedoen het, voldoen.

### Finale aanbod

As ons jou akademiese uitslae ontvang en jy aan die programvereistes voldoen, en daar voldoende plek in die program is, sal ons 'n finale aanbod aan jou maak. Jy moet daardie aanbod voor die sluitingsdatum wat ons aan jou sal gee, aanvaar.

**WAT AS EK LATER VAN PLAN VERANDER?**

Nadat jy 'n aanbod aanvaar het, kan jy dit enige tyd later van die hand wys om 'n ander aanbod te aanvaar. As jy 'n aanbod van die hand wys, of die aanbod verval, moet jy die Kliëntedienssentrum kontak by info@sun.ac.za indien jy weer vir daardie program oorweeg wil word. Die spesifieke fakulteit sal jou aansoek oorweeg indien daar beskikbare plek is.



### Laai jou getekende kontrak op

As jy n voorwaardelike of 'n finale aanbod vir die eerste keer ontvang, en jy besluit om die aanbod te aanvaar, sal ons jou vra om 'n getekende Studentekontrak op te laai.

Jy sal slegs kan registreer indien ons jou getekende Studentekontrak ontvang het.

As jy tans 'n ingeskrewe student aan Stellenbosch Universiteit is, hoef jy nie jou kontrak op te laai nie, aangesien ons reeds die kontrak het wat jy ingedien het met jou eerste aansoek om aan Stellenbosch Universiteit te studeer.

As jy 'n internasionale student is sal die Nagraadse Kantoor jou van 'n ondernemingsbrief voorsien sodat jy vir jou studentevisum aansoek kan doen. Jy sal deur 'n pre-registrasie proses moet gaan sodat ons kan bevestig dat jy 'n geldige paspoort, studentevisum, en Suid-Afrikaanse mediese dekking het, en dat jou fooie betaal is. Lees gerus meer oor die visumvereistes.

### Nuttige *hulpbronne*

- STUDENTEKONTRAK

TERUG NA BO

## *Hulpbronne*




### HET JY MEER INLIGTING NODIG OOR DIE PROGRAMME WAT ONS AANBIED?

Lees 'Wat kan ek studeer?' op die webtuiste vir Voornemende Nagraadse Studente oor moontlike programkeuses, of blaai deur die Universiteitsjaarboek.

### NUTTIGE HULPBRONNE

- TOELATINGSBELEID
- TOELATINGSVEREISTES
- AANSOEKPORTAAL
- SLUITINGSDATUMS
- 'N LYS VAN DOKUMENTE WAT ONS NODIG HET
- WEBTUISTE VIR VOORNEMENDE NAGRAADSE STUDENTE
- STUDENTEKONTRAK
- STUDENTESTEUNVORM
- NAGRAADSE BEFONDSING EN ONDERSTEUNING
- GEAKKREDITEERDE PRIVAATVERBLYF
- STUDENTEGELDE
- UNIVERSITEITSJAARBOEK

## *Kontak* ons

### HULP MET JOU AANSOEK

As jy enige hulp nodig het met jou aansoek of addisionele inligting soek, kontak gerus ons Kliëntedienssentrum by 021 808 9111, of e-pos info@sun.ac.za, of besoek www.sun.ac.za/pgstudies. Onthou om jou Aansoek-ID te gebruik wanneer jy ons kontak.

### HULP MET BEFONDSINGSAANSOEKE

Vir navrae, kontak die Nagraadse Befondsingseenheid by postgradfunding@sun.ac.za.

TERUG NA BO

DIE REGSGOED

Die Universiteit behou die reg voor om die inligting in hierdie brosjure enige tyd aan te pas indien nodig. Die inligting kan dus onvolledig of verouderd wees. Die nuutste inligting is by www.sun.ac.za/pgstudies beskikbaar en by die telefoonnommers wat in hierdie brosjure verskaf is. Die inligting word hier na ons beste wete en so akkuraat moontlik soos dit met druktyd in Mei 2024 was, weergegee. Die aansoeker is daarvoor verantwoordelikheid om die gegewe inligting te verifieer.

FOTO'S

**Stefan Els**, fotograaf vir die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie.

**Go Trolley Films**